Januarie 2010
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Hier volg ‘n paar uittreksels uit De Volksstem van die 1880’s:

<u>Pretoriase Kapper Salon</u> [1888-10-25]
J. Fuchs adverteer dat mense warme en koue stortbadde by sy Kapper Salon kan kry. ‘n Warm bad kos 3 sjielings en ‘n koue een 2 sjielings.

<u>Opmerking</u>
‘n Kapper Salon is ‘n Haarkapper.

Op 24 Junie 1884 word daar berig dat die haarkapper Fuchs verhuis na Pretoriusstraat oorkant die Union Club. In 1889 is sy salon in Kerkstraat oorkant die ou Raadsaal. Gedurende die oorlog bied hy sy dienste aan om gratis alle gewondes in die Bourke Hospitaal se hare te sny.

Vincent van Gogh se broer Cornelis, wat ‘n tyd in Pretoria gewoon het, was getroud met Anna Cathrine Fuchs. Of daar enige familieverwantskap is weet ek nie.

<u>Regter Kotze</u> [1888-11-05]
Daar word berig dat hoofregter Kotze ‘n baie groot werklus het. In Johannesburg het hy 57 siviele sake in 3 dae afgehandel. Hy werk Woensdagnag tot middernag. Dan weer Donderdag vanaf 9 uur tot 1 uur die volgende dag. Vrydag begin hy weer 9 uur en maak die middag klaar. Geen wonder dat baie van die advokate in die rondgaande hof gelyk het of hulle uitgedroog is toe hulle teruggekeer het nie.

<u>Missiel naby Krugerhuis</u> [1888-11-09]
‘n Missiel [klip] word vanuit die kamp geskiet tot voor pres. Kruger se huis. Die saak word ondersoek. In ‘n volgende koerant [12 November] word berig dat ‘n klip vanuit die kamp met ‘n kanon geskiet word. Dit val op pres. Kruger se dak. Kruger tel die klip op, mompel iets in sy baard, gaan eet en neem sy middagslapie [12 uur]. Hy meld die saak 3 uur die middag aan.

Op 15 November word berig dat ‘n klip in die kanon se loop gesit is sonder dat die artilleriste dit agtergekom het. Eduard Griffin het voor die landdros verskyn oor die saak. Daar word bevind dat hy nalatig was om nie eers in die loop te kyk voordat hy geskiet het nie. Die kanonne sal voortaan beter bewaak word.

<u>Fillis se Sirkus</u> [1888-11-09]
Fillis gee na ‘n vertoning die helfte van sy inkomste [£154] aan die hospitaal. Die gehoor dra ook by en ‘n totaal van £103/10 word die aand vir die hospitaal ingesamel.

Op 23 November word berig dat die leeutemmer Salvator deur ‘n leeu gebyt is. Op 11 Desember word berig dat die bytplek in sy been nie ernstig is nie.

Frank Fillis het draagbare elektriese ligte by Jan van Zwieten bestel vir sy sirkus. Dit sou seker ‘n groot verskil aan sy vertonings gemaak het. Dieselfde Jan van Zwieten het ook die kontrakte vir elektriese ligte vir Pretoria en Johannesburg. Hy verklaar dat dit oor ‘n maand sal werk [1888-11-30].

<u>Opmerking</u>
‘n Jaar of wat gelede het ek ook in ’n brief oor die sirkus geskryf.

Doedelsakke [1888-11-20]
Die volgende amusante stukkie was in die Engelse deel van De Volksstem.

The man who is importing those toy bagpipes into Pretoria, has brought an intolerable nuisance into existence. For the last couple of days the air has been disturbed by the unearthly squeaking of these instruments – instruments of torture more than musical instuments – and, in fact we do not know when the urchins will forsake their delightful amusement. Their number is multiplying and they will in time, if things do not mend, become as numerous as if a dire calamity has overtaken us. There is a youngster sitting on our windowsill now, blowing away at that bit of bladder and sending forth a volume of sound as if a thousand cats have congeregated, but he will learn in a moment that he has come to the wrong corner where to give vent to his lungs. The man who invented these confounded bladders ought to be brained and the man who imports them transported for life.

Opmerking
Klink dit nie bekend nie? Vervang net die woord doedelsak met Vuvuzela.

St. Albanskatedraal [1888-11-23]
Daar word nou begin met die bou van die St. Albanskatedraal. Die argitek is William White. Daar sal eers slegs een deel van die katedraal gebou word.

In dieselfde koerant is daar ook die eerste berig van ‘n skole krieketwedstryd. Die St. Albanskatedraalskool speel teen ‘n skool van Johannesburg. Die kaptein van die Pretoriase span is J. Wallach.

Ashoop [1888-12-04]
Alle afval en dooie diere moet na die plek oorkant die reisiesbaan – hierdie kant van die vallei tussen die reisiesbaan en Skinner se plaas – gebring word om begrawe te word.

Opmerking
Die Kwaggasentrum is gebou op die plek waar Skinner se plaas was en die reisiesbaan het later die skougronde geword.

Leprosehuis [1888-12-04]
Tenders word gevra vir die bou van die eerste huis vir melaatses in Pretoria.

Volkshospitaal [1888-12-11]
Volgens statistieke was daar op 1 Desember 14 pasiente in die hospitaal.

Dingaansdag [1888-12-11]
Dingaansdag val hierdie jaar op ‘n Sondag, dus sal Saterdag die 15de ‘n vakansiedag wees. ‘n Paar dae later [14 Desember] verskyn daar ‘n lys van 15 prokureurskantore wat op die dag gesluit sal wees.

Opmerking
Ek kan nie glo dat daar so baie regsgeleerdes was nie. Ek wonder waar het almal werk gekry.

Herwinning van glas [1888-12-13]
Schuster se brouery in Kerkstraat-Wes adverteer dat hulle 3 sjielings betaal vir 1 dosyn “ledige bottels”.

Opmerking
Die brouery was geleë op die noord-westelike hoek van Kerk- en Potgieterstrate. Dus baie naby die huis van president Kruger.

Skets van Pretoria [1888-12-17]
‘n Onbekende persoon het die volgende geskryf. Hy noem dit “Sketse in en om Pretoria”.

Ek hou baie van stap, ‘n lang tog oor berge en dale, deur bosse en die lang gras, dit is iets waar ek dol oor is. Ek vind moeilik my pad – hier is geen naambordjies op die strate, dus weet mens nooit waar jy is nie, of jy Bloedstaat of Pretoriusstraat met ‘n besoek vereer. ‘n Rukkie later staan ek by die “Time Ball”. Dit is tog ‘n snaakse ding. Die nut daarvan kon ek nooit te wete kom, alhoewel dit tog een moet hê, anders sal mens die ding nie daar laat staan. Dit is so “klaar as kontjie” want dit roes nou.

‘n Paar weke voor die tyd [4 Desember 1888] vra landdros J.S. Smit tenders vir 286 straatnaamborde van sink of yster met opgehewe goue letters.

Opmerking
Die heuwel agter Salvokop dra vandag nog die naam Time Ball Hill. Dit is waar Vryheidspark nou is.

Ek het in ‘n paar vorige briewe al daaroor geskryf. Daar was oorspronklik net ‘n paal waaraan verskillende voorwerpe opgehys is om die koms van die pos aan te dui. Later is dit vervang met ‘n “Time Ball” wat op ‘n gegewe tyd elke dag laat val is om die tyd aan te dui.

Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel